

GRAAD 10: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

WERKBOEKAKTIWITEITE

1. ENTREPRENEURSKAP

DATUM: _____

- 1.1 Maak 'n lys van DRIE eienskappe van 'n entrepreneur. (3)

2. ONDERNEMINGSVORME

DATUM: _____

- 2.1 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

PHOSWA PROKUREURS BPK. (PPB)

Phoswa Prokureurs is n geregistreerde maatskappy wat ook pro-bono regsdiens, aan die gemeenskap waarin dit besigheid bedryf, lewer. Die maatskappy het gemerk dat daar n afname is in die hoeveelheid kliënte. Die maatskappy wil hulle dienste verbeter en het dus gekies om sekere navorsingsmetodes te gebruik, om inligting in te win.

- 2.1.1 Definieer die vorm van eienaarskap in die scenario, motiveer jou antwoord. (4)
- 2.1.2 Bespreek DRIE voordele van hierdie eienaarskap geïdentifiseer in VRAAG 2.1.1. (6)
- 2.2 Onderskei tussen n privaat maatskappy en n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid. (4)

3. BESIGHEIDSGELEENTHEDE

DATUM: _____

- 3.1 Bespreek VIER onderhouds metodes wat gebruik kan word om inligting na te vors. (8)
- 3.2 Bespreek DRIE besigheids navorsings vaardighede. (6)
- 3.3 Gee besighede raad oor waarom dit belangrikheid is om marknavorsing te doen. (6)
- 3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

MIKE SE SELFONE EN REKENAARS (MSR)

MSR spesialiseer in die verkoop van selfone en rekenaars teen billike pryse. Die besigheid het 'n gekwalifiseerde rekenartegnikus in diens geneem. MSR is in 'n hoëmisdaadgebied geleë. Die besigheid word ook deur gereelde diensleweringsoptogte in die gebied geaffekteer.

MSR het nie genoeg kapitaal om die nuutste selfoon- en rekenarmodelle te koop nie. Die bestuur van MSR het 'n gebrek aan goeie finansiële beplanningsvaardighede. Die plaaslike munisipaliteit het onlangs tenders vir die verskaffing van rekenaars gevra. Suksesvolle aansoekers is ook gevra om 'n internetkafé by hulle kantore in te rig.

- 3.4.1 Stel 'n SSBG-analise ('SWOT'-analise) vir MSR saam. (8)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PETER SE VLEIS & SUIWEL (PVS)

PVS spesialiseer in die verkoop van vleis, melk, kaas en jogurt. Hy het drie opgeleide werknemers. Die besigheid het nie genoeg kapitaal om nuwe moderne masjinerie om hulle produksie te verbeter aan te koop nie. PVS se mededinger in dieselfde omgewing, is as gevolg van 'n oneffektiewe bemarkingstrategie en 'n gebrekkige navorsingplan, baie na aan bankrotskap. PVS is in 'n hoë misdadagebied geleë.

3.5.1 Noem TWEE navorsingsinstrumente wat PVS gebruik om data van klante te verkry. (2)

3.5.2 Doen 'n SSGB-(SWOT-) ontleding vir PVS. (8)

4. BESIGHEIDSLIGGING

DATUM: _____

4.1 Identifiseer VYF faktore om te oorweeg as jy 'n besigheidperseel kies. (10)

4.2 Beskryf in breë trekke TWEE faktore wat in ag geneem moet word wanneer die ligging van die besigheid bepaal word. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Gauteng is een van die ryker provinsies in die land omdat grondstowwe en infrastruktuur beskikbaar is. Statistiek SA se syfers toon dat meer mense in die aanloklike stad van goud en ander minerale werk soek. Hierdie mense kom van oral in Suid-Afrika en die buiteland.

4.3.1 Haal enige TWEE faktore wat 'n impak op die ligging van 'n besigheid het, aan. (2)

4.3.2 Verduidelik enige TWEE aspekte wat belangrik is vir die ligging van 'n besigheid. (4)

4.3.3 Evalueer die impak van ENIGE faktor aangehaal in VRAAG 4.3.2. (4)

5. KONTRAKTE

DATUM: _____

5.1 Definieer die term "Kontrak" (2)

5.2 Bespreek DRIE voordele van vernuwing. (6)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SIZWE ALUMINIUM (SA)

Die menslikehulpbron-afdeling van Sizwe Aluminium het onlangs 'n nuwe finansiële bestuurder aangestel en 'n vyfjaarkontrak met hom gesluit. Die regte en verantwoordelikhede van beide partye is duidelik in die kontrak uiteengesit.

5.3.1 Identifiseer die tipe kontrak wat in die scenario hierbo gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

5.3.2 Verduidelik die regte en verantwoordelikhede van die partye tot die kontrak wat in die scenario hierbo geïdentifiseer is. (8)

5.3.3 Noem DRIE ander tipes kontrakte wat deur Sizwe Aluminium geteken kan word. (3)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BUFFALO TIMBER BPK. (BTB)

Matthew en Peter vervaardig skoolmeubels, lessenaars, tafels, stoele en kaste. Hulle oorweeg om meer spasie te huur van hul redelike verhuurder se billike pryse vir hul produksiebedrywighede sowel as die duur gespesialiseerde masjinerie. Hulle moet ook 'n groot vragmotor koop wat oor 'n langer tydperk betaalbaar sal wees. Hulle beoog om regskontrakte vir al bogenoemde aktiwiteite op te stel, maar dit is nie duidelik hoe om dit te doen nie.

5.4.1 Identifiseer die tipe kontrakte wat Buffalo Timber Bpk. van bogenoemde scenario verlang. (6)

5.4.2 Beskryf aspekte wat in die dienskontrak van Buffalo Timber Bpk. ingesluit moet word. (8)

6. AANBIEDING VAN INLIGTING

DATUM: _____

6.1 Bespreek faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n mondelinge aanbieding voorberei word. (6)

6.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NOMSA WASSERYDIENSTE (NWD)

Nomsa het haar vyfjaar-besigheidsplan met behulp van PowerPoint aan potensiële beleggers voorgelê. Sy het 'n PowerPoint-aanbieding gekies aangesien dit die aandag van die gehoor trek.

6.2.1 Haal die doel van 'n PowerPoint-aanbieding uit die scenario hierbo aan. (1)

6.2.2 Verduidelik ander redes waarom PowerPoint vir 'n aanbieding gebruik word. (6)

6.2.3 Maak 'n lys van VIER tipes visuele hulpmiddels, behalwe PowerPoint. (4)

6.3 Benoem die tipe visuele hulpmiddel wat van VRAAG 6.3.1-6.3.5 beskryf word.

6.3.1 Papierblaaie wat aan 'n staander vasgemaak word. (2)

6.3.2 'n Groot skerm wat aan 'n rekenaar of 'n projektor gekoppel word en aan 'n groot gehoor wys wat op die rekenarskerm is. (2)

6.3.3 'n Toestel wat deur middel van 'n videosein beelde op 'n skerm projekteer. Dit kan videobeelde of foto's vertoon. (2)

6.3.4 'n Verootoestel wat gebruik word om beelde aan die gehoor bokant die spreker se kop te wys. (2)

6.3.5 Verskeie toerusting wat deelnemers in staat stel om met mekaar oor lang afstande te praat asook visuele beelde te stuur. (2)

6.4 Bespreek enige TWEE stappe om vir 'n verbale aanbieding voor te berei. (4)

6.5 Gee raad aan 'n besigheid oor hoe om ondersteuningsmateriaal vir 'n aanbieding voor te berei. (4)

7. BESIGHEIDSPLAN

DATUM: _____

- 7.1 Bespreek die belangrikheid van n sakeplan. (4)
- 7.2 Bespreek VYF aspekte van n bemarkingsmengsel in 'n besigheidsplan. (10)
- 7.3 Gee in breë trekke enige VIER komponente van 'n besigheidsplan. (4)
- 7.4 Identifiseer die bemarkingsresepkomponente wat deur Harry Hardeware in ELKE stelling hieronder toegepas is:
- 7.4.1 Die besigheid is in 'n residensiële gebied (woonbuurt) geleë. (2)
- 7.4.2 Harry gebruik strooibiljette om sy produkte te adverteer. (2)
- 7.5 Beskryf in breë trekke TWEE komponente van 'n sakeplan. (4)
- 7.6 Bespreek, met verwysing na 'n sakeplan, die omgewingsfaktore deur 'n PESTWO-analise te gebruik. (8)